

# God het die mens geskep om Hom te dien

**Skrifgedeelte: Genesis 2:4-19;**

**HK Sondag 3, Antwoord 6**

**Fokusgedeelte: Genesis 1:28**

In die afwysing van die gedagte dat God die mens sondig en verkeerd geskep het, gaan ons belydenis verder en toon dat God die mens met 'n spesifieke doel en bestemming geskep het, naamlik om profete, priesters en konings in sy diens te wees.

As *profeet* moes die mens veral met sy verstand God sy Skepper reg ken. Dit impliseer dat God Homself nog verder aan die mens sou openbaar, want daarsonder was dit vir die mens onmoontlik om God nog beter te ken. Hierdie kennis moes hy gebruik om God te dien en te verheerlik.

As *priester* moes die mens God met sy hele hart liefhê en Hom met oorgawe dien. Sy hele lewe moes een groot dankoffer aan God wees. Hy moes verder die hele skepping tot 'n biddende toewyding aan die Here bring.

As *koning* moes die mens met al sy krag en handeling aan God diensbaar wees. Hy moes oor die skepping en homself heers volgens die wil van God. In Psalm 8:7 sê Dawid van die mens: *"U laat hom heers oor die werk van u hande, U het alles aan hom onderwerp."* Dit impliseer dat die mens die hele skepping so in die Naam van die Here moes regeer dat alles en almal God sal dien. Die mens moes dus terselfdertyd dienskneg en koning in God se

diens gewees het (vgl. Op. 22:3, 5). So sou die mens saam met God in die ewige saligheid kon lewe om Hom te loof en te prys.

Dit is hoe God die mens geskep het as profeet, priester en koning. Dit dui die hoë posisie aan vanwaar die mens geval het toe hy sonde gedoen het.

As God in sy grenslose groot liefde die mens red deur die versoening van sondes wat Christus vir ons aan die kruis bewerk het, herstel Hy uit genade hulle wat glo ook in hierdie verband soos God oorspronklik bedoel het dat hulle moet wees. Die mens word weer herstel in die dienste van profeet wat Hom ken en bekendmaak, van priester wat Hom liefhet en van koning wat Hom as heerser dien. Daarom kan Petrus aan die gelowiges skryf: *"Julle ... is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat (as profete) die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig"* (1 Pet. 2:9).



Publikasie  
Publication



Nr./No.: E48